TELEMATIESE
SKOLE PROJEK

# 2023 VAKWERKBOEK
# Graad 11

# BESIGHEIDSTUDIES

‘n Gemeenskaplike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
FOR YOU
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## UITSAAI SESSIES

**GRAAD 11** Besigheidstudies Telematiese Aanbiedings

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| 1 | Donderdag 16 Feb 2023 | 16:00 – 17:00 | Besigheidsomgewings Besigheidsektore |
| 2 | Donderdag, 19 Okt 2023 | 15:00 – 16:00 | Kreatiewe denke en Probleemoplossing |

## SESSIE 1: BESIGHEIDSOMGEWINGS

**Inleiding**


In Graad 10 het jy geleer dat 'n besigheid in drie verskillende, maar onderling verwante omgewings funksioneer. Hierdie omgewings is die mikro-, mark- en makro-omgewings. Vir besighede om suksesvol te wees, moet entrepreneurs voortdurend bewus wees van die uitdagings in die drie besigheidsomgewings en met strategieë vorendag kom om dit in geleenthede te omskep.

**Die mikro-omgewing**
Die mikro-omgewing is die interne besigheidsomgewing. Dit sluit alles binne die besigheid in. Al die interne sake van die onderneming word bestuur deur die direkteure of die eienaars van die besigheid. Die mikro-omgewing staan ook bekend as die interne bedryfstelsel.

**Die markomgewing**
Die markomgewing is die onmiddellike eksterne omgewing van die onderneming.

**Die makro-omgewing**
Die makro-omgewing is die breë eksterne omgewing van die onderneming. 'n Besigheid het geen beheer oor die makro-omgewing nie en moet dus aanpas by die uitdagings in hierdie omgewing sodat hulle kan slaag.

## BESIGHEIDSOMGEWINGS






# BESIGHEIDSEKTORE

Besigheidsektore bestaan uit besighede wat saam gegroepeer word, en in primêre, sekondêre of tersiêre sektore ingedeel word. Klassifikasie van besighede hang af van die aard van die produk of dienste wat aangebied word.

**Die betekenis van die primêre, sekondêre en tersiêre sektore**

| Sektor | Betekenis | Voorbeelde |
|---|---|---|
| Primêre  | • Die primêre sektor het te doen met die ontginning/ versameling/ verbouing van rou materiale en natuurlike hulpbronne.<br>• Hierdie natuurlike hulpbronne sluit produkte soos lewende hawe, vis, hout, steelkool en goud in. | • Landbou<br>• Visserye<br>• Bosbou<br>• Mynbou |
| Sekondêre  | • Die sekondêre sektor omskep die grondstowwe in voltooide en halfvoltooide produkte.<br>• In hierdie sektor word die grondstowwe van die primêre sektor omskep in nuwe produkte | • Vervaardiging<br>• Konstruksie<br>• Fabrieke<br>• Opwekking van elektrisiteit |
| Tersiêre  | • Die tersiêre sektor verwys na industrieë wat dienste bied aan ander besighede en verbruikers<br>• Hierdie sektor is bekend as die diensindustrie wat die vervoer, verspreiding en verkope van vervaardigde goedere in die sekondêre sektor hanteer. | • Finansiering<br>• Gasvryheid<br>• Kleinhandel<br>• Groothandel<br>• Opberging<br>• Toerisme<br>• Vervoer |

**Skakel/verhouding tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektor**

Die primêre, sekondêre en tersiêre sektore werk almal saam om 'n ekonomiese produksie ketting te skep.

**? Het jy geweet**

Gedurende die COVID -19 pandemie in 2020 was die negatiewe impak op die volgende besighede die ergste:

- in die primêre sektor veral die mynbou/minerale industrieë
- in die sekondêre sektor veral die konstruksie bedryf
- in die tersiêre sektor veral die vervoer industrie en meeste van die diensindustrieë soos kleinhandel en akkomodasie.

## BESIGHEIDSEKTOR

**Voortwaartse skakel:**
Die primêre sektor ontgin die grondstowwe, die sekondêre sektor omskep die grondstowwe in produkte, en die tersiêre sektor verkoop die produkte en ondersteun die aktiwiteite van die ander twee sektore. Besigheidsektore is dus interafhanklik en verbind met mekaar.

**Terugwaartse skakel**
Die primêre sektor is afhanklik van die sekondêre sektor vir vervaardigde goedere en die tersiêre sector lewer dienste aan die sekondêre sektor en aan die primêre sektor.


**Nuwe woorde**

**Interafhanklik** is afhanklik van mekaar

**QR-KODE**

Klik op die volgende skakel on te kyk na 'n video oor die besigheidsektore en om die verhouding tussen die primêre-, sekondêre- en tersiêre sektore beter te verstaan.

https://www.youtube.com/watch?v=UQOTGxqpvU



## KONSOLIDASIE

**VRAAG 1**

**1.1** Brei uit oor die betekenis van mikro-omgewing. **(4)**

**1.2** Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JOE's SUPERMARK (JS)**

Joe's Supermark het 'n bestuurder in diens geneem wat nie bestuursvaardighede gehad het nie. Die verhoging in die minimum lone van werknemers wat deur wetgewing afgedwing word, maak dit moeilik om wins te maak. Onlangs het 'n nuwe 24-uur supermark oorkant Joe's Supermark geopen.

**1.2.1** Haal EEN uitdaging in elke besigheisomgewing uit die scenario aan wat JS moet aanspreek. **(3)**

**1.2.2 Dui aan** die mate van beheer wat JS het oor ELKEEN van die besigheidsomgewings. **(3)**

**VRAAG 2**

2.1 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die onderstaande blok te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die nommers ( 1.1.1 – 1.1.5) neer.

Steenkool; ontginning; industrieë; prossessering;
opwekking van elektrisiteit; primêre; kontruksie;
gasvryheid; dienste; sekondêre

2.1.1 Die primêre sektor het te doen met die … van grondstowwe en natuurlike hulpbronne.
2.1.2 … is 'n voorbeeld van die industrie wat dienste aanbied.
2.1.3 Natuurlike hulpbronne sluit in vis, hout en …
2.1.4 Die … sektor fokus op die omskepping van rou materiale in voltooide produkte.
21.1.5 Die tersiêre sektor verwys na industrieë wat … aanbied. (5 × 2) (10)

**VRAAG 3**

**3.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**

**ELEGANTE MODES (EM)**

Elegante Modes (EM) verkoop mans- en dames ontwerpersklere. EM koop klere van Fayi Klere Vervaardigers (FKV). FKV koop grondstowwe aan by Pecher Katoenplaas (PKP).

**3.1.1** Identifiseer DRIE besigheidsektore uit die bostaande scenario. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit die scenario. (6)

**3.1.2** Bespreek die verwantskap tussen die primêre-, sekondêre- en tersiêre sektore. (6)

## SESSIE 2: KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING

**Inleiding**

In Graad 10 het jy geleer van verskeie probleemoplossingstegnieke, wat gebruik kan word om oplossings vir besigheidsprobleme te genereer en sakepraktyke te verbeter.
In Graad 11 sal daar gefokus word op die toepassing van die Kragveldontleding en die Delphi Tegniek. Hierdie tegnieke kan toegepas word om met oplossings vorendag te kom vir besigheids probleme.

**Die betekenis van kreatiewe denke**
Kreatiewe denke is wanneer mense in staat is om nuwe en oorspronklike benaderings en idees te kry as oplossings vir uitdagings. Vir kreatiewe denke is dit vindingryk om kunstige en slim idees te gebruik om ietsoorspronklik of nuut te skep.

**Roetine denke versus kreatiewe denke**

**Roetine denke**
- Word geassosieer met LINKER brein funksie waar die fokus val op logiese denke en 'n metodiese manier om dinge te doen.
- Dit is 'n konsekwente, normale manier wat toegepas word in spesifieke situasies.

**Kreatiewe denke**
- Word geassosieer met REGTER brein funksie waar nuwe idees gegenereer word.
- Die fokus val op kreatiwiteit, gebruik van jou verbeelding, insig, kuns en musiek bewustheid, om oplossings te vind vir unieke uitdagings.

**QR-KODE**
Roetine denke versus kreatiewe denke
https://www.youtube.com/watch?v=vqD3jpVas8g

**Konvensionele oplossings teenoor nie-konvensionele oplossings**

**Konvensionele oplossings**
- Daar word geglo dat dit die oplossings is wat almal gebruik.
- Hierdie oplossings is wat amal verwag en word as die normale beskou.

**Nie-konvensionele oplossings**
- Nie-konvensionele oplossings is oplossings wat afwyk van die norm, en nie dit volg wat algemeen gedoen en in geglo word nie.
- Hierdie oplossings is kreatief en uniek en gewoonlik die resultaat van kreatiewe denke.

**Maniere hoe besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke stimuleer in die werkplek**

- Besighede moet die belangrikheid van kreatiewe denke benadruk om te verseker dat alle werknemers weet dat daar na alle idees geluister sal word.
- Inspireer die werknemers om na vore te kom met nuwe idees.
- Beplan gereelde werkswinkels waar dinkskrumsessies gehou kan word om nuwe idees te genereer.
- Verseker dat daar oop kommunikasiekanale is deur die plasing van houers vir voorstelle oral in die besigheid.
- Lei die werknemers op hoe om kreatief te dink, probleme op te los, breinkaarte en laterale denke te gebruik.

**Die voordele van kreatiewe denke in die werkplek**

- Kreatiewe denke sal lei tot verhoogde deelname van werknemers, wat weer sal verseker dat nuwe idees gegenereer word.
- Die besigheid sal 'n mededingende voordeel kry oor ander besighede, omdat unieke strategieë verkry sal word.
- Besighede sal in staat wees om komplekse probleme op te los.
- As bestuur en werknemers bekend gestel word aan baie kreatiewe idees, tyden geldbesparing vir die besigheid, sal dit produktiwiteit verhoog.
- Bestuur en werknemers sal meer selfvertroue kry vir die uitvoering van hul take.
- Bestuurders sal geïnspireer word om hul spanne meer effektief te lei.
- Bestuurders en werknemers sal hul kennis op 'n samewerkernde wyse toepas om hul take te verrig.
- Die moraal van die werknemers sal verbeter.

**A Nuwe woorde**

Samewerkend verwys na hoe verskillende mense saamwerk om 'n taak te voltooi

# PROBLEEM OPLOSSING

**Inleiding:**
Besighede gebruik probleemoplossings as 'n instrument om te bepaal of daar aspekte in die besigheidsomgewing is wat moet verander. Dit word gedoen sodat daar beter beheer is oor die besigheidsomgewing en om te verseker dat as daar enigeiets is wat reg gestel moet word, die oplossings so vining as moontlik gevind en geïmplementeer sal word.

**Die betekenis van probleemoplossing**

- Probleemoplossing is die proses waar 'n situasie bestudeer word om maniere te vind om verandering te laat plaasvind.
- Dit sluit in die versameling van feite wat insluit identifi sering en omskrywing van die probleem.
- Kreatiewe en logiese vaardighede word aangewend om oplossings te kry vir die probleme wat geïdentifiseer is.
- Alternatiewe oplossings moet gegenereer en geëvalueer word as moontlike antwoorde vir die probleme.
- Probleme kan opgelos word deur individue, groepe of 'n spanlid.

## Probleemoplossingstegnieke

**Delphi Tegniek**
Die Delphi Tegniek word gebruik om nuwe en komplekse probleme op te los. 'n Paneel van kundiges wat mekaar nie persoonlik ontmoet nie, kom na vore met kreatiewe opossings vir probleme, sonder om lang, uitgerekte groepvergaderings te hou.


**Kragveld Ontleding Tegniek**
Kragveld Ontleding word gebruik vir besluitneming, veral wanneer bestuur van verandering geïmplementeer moet word. Hierdie ontleding sluit die identifi sering van die voordele en nadele ten opsigte van 'n besluit oor verandering, in.

**Toepassing van Delphi-tegniek**



**Toepassing van kragveld ontleding**

- Die huidge situasie of probleem, asook die situasie wat verlang word, word beskryf.
- Identifi seer wat gaan gebeur as daar geen aksie geneem gaan word nie.
- Lys nou al die dryfkragte en al die remkragte teen die moontlike verandering
- Die belangrikste remkragte en hoe sterk dit is, moet bespreek word.
- Die belangrikste dryfkragte en hoe sterk dit is, moet bespreek word.
- 'n Numeriese telling moet nou aan elke krag toegeken word, waar 1 die swakste en 5 die sterkste verteenwoordig.
- Die positiewe en negatiewe word geëvalueer voordat daar besluit word of die projek lewensvatbaar is.
- Kies die krag met die hoogste telling as die oplossing vir die probleem.
- Die remkragte moet ontleed word om die beste manier te vind om dit te hanteer.
- Identifiseer prioriteite en ontwikkel 'n plan van aksie.




**Voordele daarvan om saam met ander te werk om probleme op te los**

- Daar is verskillende perspektiewe om te oorweeg, want dit kan moeilik wees om kreatiewe en innoverende oplossings op jou eie te genereer.
- Daar is toegang tot 'n groter hoeveelhied vaardighede, kennis en ervaring as jy die insette van ander oor 'n saak kry.
- Meer idees word ontsluit deur ander werknemers se idees wat kan help in die probeleemoplossings proses.
- Dit fasiliteer leer by mekaar wanneer kollegas in staat is om dinge aan mekaar te verduidelik, veral as hulle in groepe werk.
- Om saam te werk lei daartoe dat beter resultate aangemoedig word.
- Die werklas van almal verminder, omdat die probleem en hul ervarings gedeel word

## KONSOLIDASIE VRAE

### VRAAG 1

**1.1** Definieer die betekenis van kreatiewe denke. **(2)**
**1.2** Brei kortliks uit oor die verskille tussen kreatiewe denke en roetine denke. **(4)**
**1.3** Lees die onderstaande scenario en antwoord die vrae wat volg:

**LEWIS ONTWERPE (LO)**

Die werknemers van Lewis Ontwerpe gebruik kreatiewe denke wanneer hulle die produkte ontwerp. LO maak seker dat hul werknemers se moraal hoog is. Hulle moedig ook die werkers aan om komplekse probleme op te los. Die bestuur weet nie hoe om 'n omgewing te skep wat kreatiewe denke aanmoedig nie.

**1.3.1** Haal TWEE voordele aan van kreatiewe denke in die werkplek uit die bostaande scenario. **(2)**
**1.3.2** Verduidelik ander voordele van kreatiewe denke in die werkplek. **(6)**
**1.3.3** Beveel maniere aan hoe besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek sal bevorder. **(8)**

### VRAAG 2

**2.1 Lees die onderstaande scenario en antwoord die vrae wat volg:**

**MPHO MATTE (MM)**

Mpho matte wil die gehalte van hul matte verbeter. Hulle het 'n paneel kundiges versoek om vraelyste te voltooi oor hoe om die gehalte van hul matte te verbeter.

**2.1.1** Noem die probleemoplossings tegniek wat MM gebruik het. **(2)**
**2.1.2** Adviseer besighede oor hoe om die probleemoplossings tegniek soos geïdentifiseer in VRAAG 2.1.1 toe te pas. **(6)**

## KONSOLIDASIE VRAE

**VRAAG 3**

**3.1** Beskryf kortliks die verskille tussen konvensionele nie nie-konvensionele oplossings . **(8)**

**3.2** Lees die onderstaande scenario en antwoord die vrae wat volg:

**CARLO SE BAKKERY (CB)**

Die bestuur van Carlo se Bakkery is bekommerd oor die afname in verkope van hul koeke. CB moedig hul bakkers aan om na vore te kom met nuwe resepte vir hul koeke. Hulle gee ook idees oor hoe om die kliënte terug te bring. CB moedig hul werknemers aan om saam te werk om die probleme van die bakkery op te los

**3.2.1** Haal TWEE maniere aan waarmee Carlo se Bakkery hul werknemers aanmoedig om saam te werk om die bakkery se probleme op te los. (**2**)

**3.2.2** Verduidelik die voodele daarvan om saam met ander te werk om probleme in die werkplek op te los**.** **(6)**

**3.3** Bespreek die voordele van kreatiewe denke in die werkplek. **(6)**

**VRAAG 4**

**Lees die aanhef hieronder en beantwoord die opstelvraag wat volg:**

Baie besighede moet kreatiewe denke gebruik asook probleemoplossings tegnieke soos Kragveldontelding om te reageer op klagtes van hul kliënte. Sommige oplossings vereis die gebruik van roetine denke. Soms is dit nodig om nuwe en innoverende oplossings te gebruik.

Skryf 'n opstel oor kreatiewe denke waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Brei uit oor die betekenis van probleemoplossing.
- Onderskei tussen roetine denke en kreatiewe denke
- Verduidelik die voordele van kreatiewe denke in die werkplek.
- Stel maniere voor hoe besighede die Kragveldontleding kan toepas..

**[40]**

**Wenk**

- Gee TWEE feite vir die inleiding en EEN feit vir die gevolgtrekking.
- Die feite kan óf wees slegs gebaseer op een of twee van die vier subvrae as 'n inleiding.
- Die woorde "Inleiding" en "Gevolgtrekking" moet met inhoud geskryf word onder elke opskrif om te vermy dat punte vir die uitleg verloor word.
- Wanneer die aantal feite in die vraag gespesifiseer word, sal slegs daardie antwoorde oor die faktore wat oorweeg moet word by die keuse van die vorm van eienaarskap nagesien word.
- Skryf al vier opskrifte volgens die opstelvraag.
- Poog om opstel-tipe vrae te beantwoord omdat punte vir INSIG toegeken word.
- Die gevolgtrekking moet relevant wees tot die opstelvraag en antwoorde moet nie dieselfde as die liggaam of inleiding wees nie.

## Erkenning van bron:

2022 DBO Gr 11 Besigheidstudies Leerderboek